Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

16 November 2022
OB 50

Beste Ouers

Ons het aan die einde gekom van die jaar se buite-kurrikulêre aktiwiteite, met uitsondering van die kore wat op 27 November optree by die NG Kerk se Kerssangdiens.

Die eksamen, wat nou prioriteit is, lê voor die deur. Sommige klasse gaan nog op 'n uitstappie en die gr. 4's gaan kamp - iets om na uit te sien. Na die eksamen sal ons 'n daaglikse program volg, wat elke oggend 'n atletiekoefening sal insluit.

Ek herinner u aan die eksamentye, wat vanaf Woensdag 16 November gevolg word: Die skool begin om 08:00 en sluit om 13:00 vir alle leerders vanaf gr. 1 – 7. U word ook herinner aan die beleid t.o.v. afwesigheid tydens eksamentye, wat in verlede week se Montienuus genoem is.

Die afgelope week se Ouma- en Oupadag het baie goed verloop en ons vertrou almal het die oggend geniet. Baie dankie aan elkeen wat dit bygewoon het. In besonder dankie vir die donasies wat ons ontvang het; daarmee kon ons heerlike eetgoed aan ons gaste voorsit.

Sterkte vir die week wat voorlê.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 16 Nov	Gr. 7 EKSAMEN BEGIN Laaste Montienuus vir 2022
Vrydag, 18 Nov	Gr. 4 Kamp GF Boeke huis toe Ope entrepreneurs
Saterdag, 19 Nov	Gr. 4 Kamp
Woensdag, 23 Nov	Gr. 4 – 6 EKSAMEN BEGIN
Vrydag, 25 Nov	Gr. 1K Entrepreneurs
Sondag, 27 Nov	NGK Kerssangdiens (Kore tree op)
Vrydag, 2 Des	Ope entrepreneurs
Dinsdag, 6 Des	Gr. 4 – 7 EKSAMEN EINDIG! Gr. 7 Kuier by HS Montagu
Woensdag, 7 Des	Gr. 7O Rush-uitstappie
Donderdag, 8 Des	GF Erkenningsaand 2023 Prefekte-oriëntering
Vrydag, 9 Des	Ope entrepreneurs 2023 Prefekte-oriëntering
Maandag, 12 Des	IF Erkenningsaand
Dinsdag, 13 Des	Gr. 2 en Gr. 3 Montie Mall Uitstappie Gr.7 Afskeid
Woensdag, 14 Des	SKOOL SLUIT!

DANKIE AAN DIE STEUNPERSONEEL

Ons wil graag soos in die verlede die steunpersoneel bedank vir hulle harde werk.

Ons vra dat leerders asb. vir ons nie-bederfbare produkte bring, sodat ons weer vir hulle pakkies kan opmaak as geskenk vir die einde van die jaar.

Baie dankie.

EKSAMENROOSTER

KWARTAAL 4 2022

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Woensdag	16/11		TEG
Donderdag	17/11		GESK
Vrydag	18/11		LO
Maandag	21/11		
Dinsdag	22/11		WISK
Woensdag	23/11	WISK	ENG
Donderdag	24/11	ENG	
Vrydag	25/11	AFR	GEO
Maandag	28/11		NW
Dinsdag	29/11	NWT	
Woensdag	30/11	GEO	EBW
Donderdag	1/12	GESK	AFR
Vrydag	2/12	PSW	D + VK
Maandag	5/12	Skryf: Transaksionele teks	
Dinsdag	6/12	Writing: Transactional text	

Skole het Vrydag, 4 November ‘n skrywe van WKOD hoofkantoor ontvang, waarin dit duidelik gestel word dat GEEN skool voor 6 Desember mag klaarmaak met eksamen nie. Dus sal ALLE leerders op Maandag, 5 Desember en Dinsdag, 6 Desember skryfstukke aflê.

Verder stel die WKOD dit duidelik dat leerders die volle dag by die skool moet wees en nie mag huis toe gaan na hulle die vraestel geskryf het nie.

LM Skakel bestellings

Bestellings vir hierdie kwartaal se LM Skakel is vanaf 21 – 25 November.

Teen slegs R5, kry jy kraakvars nuus en lekker vakansie aktiwiteite.

Moenie dit misloop nie!

NB!

SKOOLTYE vanaf 16 Nov is

08H00 - 13H00 vir alle leerders

Personeel verjaarsdae

Maryn Stemmet: 21 November

Eileen Olivier: 13 Desember